**CACHET APTEEK**

Groot genoeg om u te bedien.

Klein genoeg om u te ken.

★

DIE STUDENTE-APTEEK

# die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXX VRYDAG, 16 MEI 1975 Nr. 7

**PUKKE!**

vir al u kleurbaadjies

**Johan Claassen Broers**

(Edms.) Bpk.

Tel. 3612,

POTCHEFSTROOM.

Kerkstraat 92.

Tak: Tomstraat 100.

## *BEOOG STRENG OPTREDE*

**DIE volgende mosies is onder andere op 'n studenteraadsvergadering op 5 Mei algemeen aanvaar:**

Mosie 1: Dat die karnavalkomitee graag verskoning aanbied vir die optrede van sekere kunstenaars op Vrydag 2 Mei, welke kunstenaars deur bemiddeling van agentskappe verkry is. Voorsteller: Johan Pretorius. Sekondant: Attie Uys.

Mosie 3: Dat 'n kommissie bestaande uit mnr. Ben Cloete, mnr. Theuns Eloff, mej. Ineke Lindhout, mnr. Voster Combrinck, Fika van Rensburg en Konkie van der Walt op diè sake soos dit veral in karnaval voorgekom het en wat Theologica genoem het, naamlik: kleredrag van dames, drankmisbruik, haarstyl van mans, onverantwoordelike aksies en molestering van dames ondersoek instel.

Dat die kommissie met skriftelike aanbiedings kom op die volgende algemene studenteraadsvergadering.

Dat die studenteraadsvoorsitter die saak met die rektor opneem oor die konsekwente toepassing van reëls, met dien verstande dat hy studenteraadslede kan bykoöpteer.

# Karnaval was groot Johan praat

**DIE feestyd is verby — donker wolke pak saam vir die akademiese storm, maar dit was lekker, dié Karnaval van 1975.**

In 'n onderhoud met die voorsitter van die karnavalkomitee, mnr. Johan Pretorius, het die Wapad mnr. Pretorius gevra om 'n waardebepaling van die afgelope karnaval te doen.

KARNAVALKAARTJIES

Baie Pukke het gekla dat die karnavalkaartjies eintlik nutteloos was. Volgens mnr. Pretorius het die meeste Pukke wat die karnaval bygewoon het, 'n karnavalkaartjie gekoop en was streng kontrole waar die kaartjies geldig was, dus nie so noodsaaklik nie. Waar die Pukke wel toegang met die kaartjies gekry het (plus die ete van 40 sent) het die kaartjies volgens mnr. Pretorius wel sy waarde getoon.

KUNSTENAARS

Oor die kunstenaars wat hier opgetree het, voel die karnavalkomitee ongelukkig, veral oor die grappe wat die kunstenaars kwytgeraak het. Volgens mnr. Pretorius het die karnavalkomitee die agentskap wat die kunstenaars gewerf het, gevra om kunstenaars vir 'n konserwatiewe gehoor te werf.

VLOTBOU

Die Wapad het mnr. Pretorius ook gevra of hy dink dat die gesamentlike vlotbouery op die kampus 'n sukses was.

„Die doel van die gesamentlike vlotbouery op die kampus was om die vlotte die oggend ses uur al gereed vir beoordeling te hê. In hierdie doel het ons geslaag. Dit berus egter by volgende jaar se karnavalkomitee of daar weer 'n gesamentlike vlotbouery sal wees", het mnr. Pretorius gesê.

Mnr. Pretorius het ook gesê dat dit nou 'n instelling sal word dat die vlotte Klerksdorp toe sal gaan.

„Dit was 'n reuse sukses", het hy gesê.

Op 'n vraag hoekom daar so min marathons hierdie jaar was, het mnr. Pretorius geantwoord: „Die owerheid was vanjaar baie streng ten opsigte van marathons en ons kon nie marathons vir punte in aanmerking laat kom nie. Wie stel dan belang as daar nie punte toegeken kan word nie?"

KETTIE

'n Treffer met die vlotoptog Saterdagoggend was die kettie van Liberalia. Hoogs plofbare meelbomme is met dodelike akkuraatheid op mense en in huise gelanseer. Die kettie het goeie aanklank by die publiek gevind.

- Baie Pukke het al hul komplimente teenoor die Wapad gelug en gesê dat die karnaval iets besonders was.



Mnr. Sonny Leon (middel), leier van die Kleurlinge se Arbeidersparty, staan hier saam met Ben Cloete, Attie Gerber, Francois van Wyk, sekretaris van die studenteraad, en Dirk Coetzee, nuwe voorsitter van Polities Nasionale Bestuur op die H. F. Verwoerd Lughawe in Port Elizabeth. Mnr. Leon was op dieselfde vliegtuig as die Pukke.
(Foto: Fred Camphor — Tuks.)

## VERANDERING IN STRUKTUUR

**OP Maandagaand, 12 Mei 1975, het die Sentraal-Akademiese Bestuur 'n struktuurverandering ondergaan, wat daarop neerkom dat dit verklein is en net uit die voorsitters van akademiese verenigings (of ondervoorsitter in gevalle waar die voorsitter nie beskikbaar is nie) en 'n dagbestuur sal bestaan.**

As gevolg van die verandering het die SAB (Sentraal-Akademiese Bestuur) ontbind en is daar 'n interimkomitee saamgestel, wat die SR se belange ten opsigte van akademiese verenigings sal behartig totdat die nuwe SAB goedgekeur kan word.

Hiermee word die interimkomitee bekendgestel. Hierdie selfde interimkomitee, wat volgens die ou Grondwet saamgestel is, word hiermee ook aan die SR en die studentemassa ter goedkeuring voorgelê. Die ou SAB het die interimkomitee verkies. Indien geen beswaar geopper word voor 25 Mei nie, sal die interimkomitee die nuwe SAB vir die res van die termyn 1974/5 word. Die nuwe komitee is:

VOORSITTER: mnr. Riaan van der Walt.
ONDERVOORSITTER: mnr. Paul Krüger (SR).
SEKRETARIS: mnr. Frans van der Berg.
PENNINGMEESTER: mnr. Frikkie Massyn.
ADDISIONELE DAGBESTUURSLID: mnr. Jan van Niekerk (SR).
SAB-lid vir Admissiebond: mnr. Johan Muller.
SAB-lid vir Beplannersvereniging: mnr. Thinus de Jager.

★ Vervolg op bl. 3.



Liberalia se wenark het tydens die jaarlikse Kaap-na-Rio al die aandag op hom gevestig — hy was gedurig naby die wal en het nooit verder gekom nie. Hier klou 'n paar manne vir die vale.

BULT-APTEEK

ONS KEN U BENODIGDHEDE

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS

Tomstraat 89B en C Tel. 5943 en 3377

**STUDENTE APTEEK**

—WP

# KARNAVAL: KARNAVAL: KARNAVAL



TANK GAAN TEKEER



JOHAN EN IRIS




CAPUT SE WENTRAPKAR



CORNELIA

## BEELD



WENVLOT


**WESVALIA BOEKHANDEL**

ONS HET NET
WAARNA U SOEK

KOM OORTUIG USELF


Posbus 20060

Tomstraat 84 Tel. 6660

POTCHEFSTROOM

—WP


*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*



DIE LIEGBEK

(FOTO: FOTOKUNS)

# MET BLJES BRASS BAND VAL SONNY LEON P.E. BINNE

Deur Attie Gerber

**„. . . die suurstofmaskers sal outomaties losgelaat word, plaas dit dan oor u mond en neus . . . moenie in die toilet rook nie . . . hou u veiligheidsgordels vir u eie gerief aan . . ."**

Francois van Wyk, sekretaris van die Studenteraad, draai effens skuins en vra: „Is dit nie Sonny Leon, leier van die Kleurlinge se Arbeiders Party, nie?"

„Ja, so wrintie, dis hy! antwoord ek.

Met die vliegtuig sowat 20 000 voet in die lug al rukkende in die lugleegtes tussen Johannesburg en Port Elizabeth, skraap ek al my moed bymekaar om Sonny Leon, een van die Nasionale Regering se hoofbrekens, te gaan ontmoet.

Met 'n heel terloopse „Is u mnr. Leon" dam ek hom by.

„Ja dis reg, aangename kennis", en mev. Leon kyk effens verbaas na die indringer wat agter haar man se rug sy verskyning gemaak het.

**VREDE**

Onmiddellik stel ek myself voor en reik 'n hand van vrede en vriendskap uit. Ek verduidelik ook dat ons (Ben Cloete, Dirk Coetzee, Francois van Wyk en ek) juis op pad na 'n konferensie is om onder andere die Kleurlingkwessie te bespreek.

Vanselfsprekend praat mens nie sommer oor koeitjies en kalfies met Sonny Leon nie. Mnr. Leon, vriendelik en doodluiters maar met die onmiskenbare harde politieke trek in sy oë, begin dan ook die gesprek in die rigting van die politiek stuur.

**NIE VEEL NIE**

Sonder om doekies om te draai vra ek hom die volgende vraag:

„Wat dink u van ons Regering, mnr. Leon?" (Eintlik weet ek wat hy van die Regering dink, maar mens wil dit mos uit die perd se bek uit hoor).

„Nie veel nie", antwoord hy, „maar daar is egter krake in die granietmuur te sien. Ons Kleurlinge kry nou toegewings wat ons nooit gedink het moontlik sal wees nie. Hierdie granietmuur bars egter hopeloos te stadig — en dit lei tot wrywing tussen die Kleurling en die Blanke.

**AMPTENARY**

„En julle amptenary is hopeloos. Die min toegewings wat die Regering maak, sterf by die amptenary 'n vroeë dood".

Blykbaar het mnr. Leon dit hier teen die staats- en openbare amptenare gehad wat hulle aan die sogenaamde „klein apartheid" skuldig maak.

„Die Regering" gaan hy aan „vorder goed na buite, deténte met Afrika is in wording, maar binne in Suid-Afrika is dinge nog aan die kook".

„Ons moet eers dinge binne Suid-Afrika regmaak, sodat ons almal (Wit en Swart) saam kan staan as dit nodig word".

„Ek kan die Regering nie verstaan nie!" uiter hy misnoegd.

Later kom Dirk Coetzee by en laat mnr. Leon goed verstaan dat sosiale integrasie nooit sal uitwerk nie.

Met 'n siniese glimlag kom die antwoord: „Ek glo ook nie aan sosiale integrasie nie. Die Blesbok en Springbok wei en drink saam water, maar hulle vermeng nie".

„Al wat ons Kleurlinge wil hê, is volwaardige verteenwoordiging in die parlement en gelyke burgerregte — en daarvoor sal ons veg".

**PAK SY TASSE**

Mev. Leon, wat rustig en skynbaar nie gestoord na die vlieswolkies onder die vliegtuig staar, draai net nou en dan haar kop as haar wederhelf sterk standpunt inneem.

„Mev. Leon", vra ek „waar staan u in die politiek, u man het u seker baie nodig?"

„Ek pak maar net sy tasse en sien dat hy reg is as hy toesprake oor die land gaan hou".

As die vliegtuig begin skud, staar sy weer na buite en verloor belangstelling in ons gesprek.

**PNB**

Dirk spring weer in en probeer mnr. Leon vir 'n PNB-programaand na die Puk lok.

„Met graagte sal ek kom, maar julle moet dit deur die Departement van Inligting reël. Die einde van Julie sal my pas. Ek wil julle van 'n huis kom vertel wat die Kleurlinge se behuisingsprobleme sal oplos.

Ek het dit in Wes-Duitsland gesien. Net ses uur is nodig om dié huis te bou", antwoord hy.

**„FREEDOM"**

Oor die luidsprekers vra die oulike lukwaardin dat ons vir die landing op die H. F. Verwoerd-lughawe in Port Elizabeth gereed moet maak.

In die lughawegebou staan Sonny Leon se ondersteuners vir hom en wag. Jong Kleurlingdames met Arbeiders Party-hempies met die slagspreuk „Labour is Freedom" glimlag stralend toe hulle hul held sien.

Buite die lughawe staan die Coloured Blues Brass Band gereed om Sonny Leon met 'n gesketter welkom te heet.

Op 'n vals en ongelyke noot begin dié blaasorkes „Glory, glory Hallelujah" te speel. Sonny wuif vir die skare.

Stadig stap hy na die vuilwit ampsmotor sonder wieldoppe met 'n banier „Welcome Sonny Leon".

# VOORSITTER VAN DORP SE BESTUUR BEDANK WEENS ONTEVREDENHEID

**Op 'n buitengewone dorpsbestuursvergadering wat op Maandagaand 5 Mei gehou is, is met 'n oorweldigende meerderheid besluit om die voorsitter van dorp se bestuur, mnr. Johan Wessels te vra om te bedank.**

Mnr. Marius Schalekamp, voorsitter van die Puk se Studenteraad, het die vergadering in adviserende hoedanigheid bygewoon.

Die afdanking spruit uit beweerde pligsversuim en nadat die klagtes teen mnr. Wessels ge-opper is, het die vergadering met 'n oorweldigende meerderheid besluit om mnr. Wessels op grond hiervan te vra om te bedank.

Mnr. Jan Henning, redakteur van die karnavalblad, Pukkie, het die voorstel ingedien en dit is deur mnr. Ben du Toit, 'n bekende in die folksangkringe, gesêkondeer.

'n Bestuursvergadering sal so gou as moontlik gehou word om 'n nuwe bestuurslid en voorsitter te kies.

'n Woordvoerder van die bestuur het aan die Wapad gesê dat die reglement bepaal dat die voorsitter ten minste 'n jaar op die bestuur as gewone bestuurslid moet dien.



Die koekrollervlot van Dorp met die vrouekoppe van bekende vrouekarakters, het ook byval gevind.

# Sanra stry teen alkohol en dwelms

**DIE inligtingskomitee wat vir SANRA as inligtingsdiens op die Puk optree, het onlangs 'n simposium oor drankgebruik en drankmisbruik in die Totiussaal gehou. Die tema was: „Ek en Alkohol of Alkohol en Ek".**

Vyf sprekers het die Pukke op die simposium toegespreek.

Ds. Snyman, 'n pastorale werker by SANRA in Pretoria, het die behandeling van 'n alkoholis bespreek. Volgens hom kan die behandeling in drie vlakke beskou word, nl. die somatiese of liggaamlike behandeling en onttrekking van alkohol uit die sisteem van die alkoholis, die sielkundige aanpassing om so 'n mens weerbaar te maak teen 'n herhaling van die probleem en hom aan te pas om deur die samelewing aanvaar te word. Die laaste vlak is die geestelike vlak.

**NIE OP DIE PUK**

'n Kenner op diè gebied van die Maatskaplike Werkedepartement, mnr. Ferreira, het daarna sy siening gegee oor die verhouding „Ek en Alkohol — of — Alkohol en Ek".

Volgens mnr. Ferreira is hier nie 'n alkoholprobleem op die Puk nie en dat hy dus met mense gesels wat met die bestryding van alkoholisme moet meehelp.

**DRONKBESTUUR**

Hierna het prof. Pretorius van Fisiologie aan die Puk oor die fisiologiese invloed wat alkohol op die mense het, gesels.

Prof. Pretorius het onder meer die 0,08 persent alkoholpersentasie in die bloed wanneer jy jou aan dronkbestuur skuldig kan maak, bespreek.

Hy het ook op die invloed wat alkohol op die spysverteringstelsel, die lewer, die waterbalans en die invloed wat dit op sport het, gewys.

**SPORT**

Prof. Pretorius het gesê dat 'n mens geen alkohol agt ure voordat jy aan sport deelneem moet gebruik nie. Alkohol beskadig ook die brein en 1 000 breinselle word tydens dronkenskap beskadig en dit neem sewe dae voordat nuwe selle gevorm word.

Mnr. Louw, direkteur van SANRA, het ook aan die simposium deelgeneem en gesê dat die probleem ten opsigte van drank- en dwelmverslawing by die mens self lê. Alkohol moet matig en binne perke gebruik word en nie as statussimbool of om in die mode te wees nie.

Volgens mnr. Louw was die verhouding alkoholiste vyf jaar gelede ses mans tot een dame terwyl daar vandag elf dames meer as mans wat alkoholiste is.

**GETUIE**

Laastens het 'n oud-alkoholis gepraat, mnr. Nic Botha, wat op 18-jarige leeftyd begin drink het. Van 'n alkoholis het hy gesê: „dit help niks is hy nie self besef hy is 'n swakkeling nie en kan daarna eers gehelp word".



Die geld vir liefdadigheid het tydens karnaval weer ingerol. Hier kollekteer 'n „grootkop Puk".

## Verandering

★ Vervolg van bl. 1.

SAB-lid vir Biologiese Studentever.: mnr. Johan Burger.
SAB-lid vir Caritas: mnr. Attie de Jager.
SAB-lid vir Duitse Vereniging: mnr. Leon van Rooyen.
SAB-lid vir Ekonomiese Vereniging: mnr. Jurjend Suurd.
SAB-lid vir Geologiese Vereniging: mnr. Bill Trewick.
SAB-lid vir Gunssa-komitee van Puk: mnr. Braam van Wyk.
SAB-lid vir Huishoudkunde-vereniging: mej. H. A. Rossouw (ook SAB-lid vir Aster).
SAB-lid vir Ingenieurstudentevereniging: mnr. Oscar Volkwyn.
SAB-lid vir Kunsvereniging: mnr. Johan Venter.
SAB-lid vir Letterkunde-vereniging: mnr. Mauritz Moolman.
SAB-lid vir LO-vereniging: mnr. Braam Coetzee.
SAB-lid vir Musiekvereniging: mnr. Fanie Jooste.
SAB-lid vir PASV (Aptekerstudente): mnr. Drikus Venter.
SAB-lid vir SRVP (Regstudente): mnr. Niek Louw.
SAB-lid vir SAB-byeenkomstekomitee: mnr. Mike Celliers.
SAB-lid vir Theologica: mnr. Johannes Bingle.

# KANOKLUB VERBETER HOE LATER HOE KWATER

**OP die snelroeikompetisie van Johannesburg wat op 12 April op die Wemmerspan gehou is, het die Puk se kanoklub weer eens met die beste voorendag gekom en was die klub uitgesonder as dié een met die beste opkoms.**

**Die Pukke se eenvormigheid is ook genoem. Al die mans roei met 'n Pukhempie waarop die wapen van die klub is. Die dames roei met 'n Pukhempie met die wapen agter op die rug.**

**SAAL**

**Die klubkaptein, Saal de Jager, het op dié byeenkoms ook daarin geslaag om die Springbok, Willem van der Riet, oor die 500 m K1 te klop. Dit nadat hy eers aan die K2 en K4 items deelgeneem het. Dié oorwinning het aan die Puk die Olivetti-wisseltrofee besorg.**

**BEGINNERS**

Ook die beginners het goed gevaar en Johan Steyn en Sam Pellissier het goed oor die 500 m K1 vir beginners vertoon. Dieselfde kan van Elma Visagie en Gerda van der Walt gesê word.

**DAKRAK**

Vir hierdie byeenkoms is ook die dakrak, wat die manne self met die hulp van die Sportinstituut gebou het, in gebruik geneem. Hierdie dakrak kan nege kano's op 'n slag vervoer.

**TRANSVAAL**

Nog nuus van die klub is dat Saal de Jager die Transvaalse span wat aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe gaan deelneem, gehaal het.

Saal het saam met S. Parnham van Brittanje wat daagliks vyf uur oefen, 'n tyd van 1:52,06 in die 500 K2 en 3:58,8 in die 1000 m K2 behaal.

(Die kanoklub moet tog daarop let om stof getik in te lewer, RED.)

die WAPAD

# DIE HERALD

**NEGATIEWE kritiek is deur die afgelope karnaval by Potchefstroom se plaaslike koerant, die Potchefstroom Herald, ontlok en in die hoofartikel word die karnavalkomitee van swak organisasie beskuldig.**

**In die hoofartikel word onder andere gesê: „Met al die reklame vir die Karnaval oor die afgelope byna twee weke, was daar heelwat mense wat spesiaal dorp toe gekom het om die vlotte te sien, en toe te laat was omdat die optog vroeër as gewoonlik was en het niemand daaraan gedink om dit aan die publiek te sê nie".**

**Volgens dié hoofartikel het sommige reklamesette 'n swak smaak openbaar, „veral waar rasse-aangeleenthede in die land tans in 'n baie delikate stadium is".**

**Pukke, as dit so is, moet ons onvoorwaardelik die kritiek vat en om verskoning vra. Hoe ons as regdenkende mense en voorstanders van beter mense- en rasseverhoudinge, veral nou dat die ontspanningspolitiek dit vereis, nog met sulke dinge kan speel en dit as reklamesette vir 'n karnaval kan aanbied, gaan my verstand te bowe. Die Wapad wil die Herald tog vra om meer lig op dié saak te werp.**

**Ten opsigte van die vroeë vlotte wil ons net vir die Herald sê dat vanjaar daar geproefneem is om vlotte gesamentlik op die kampus te bou. Niemand het voorsien hoe dit sou verloop nie en wanneer die vlotte deur die dorp sou beweeg nie. Volgende jaar sal daar nie weer so 'n misverstand wees nie.**

## KARNAVALKOMITEE

**Die Wapad wil ook die karnavalkomitee gelukwens met die afgelope karnaval. Dit is duidelik dat dié komitee se moeite en harde werk beloon is.**

**Oor 'n paar dinge moet ons tog besin.**

**Het die karnavalkaartjie werklik sy doel gedien? Watter soort kunstenaars wat tydens die musiekkarnaval opgetree het, sal nooit by ons byval vind nie? Het die gesamentlike vlotbouery op die kampus nie die vlotte se standaard verlaag nie? Kan daar nie beter ete-reëlings op die Vrydag-karnaval getref word nie? Baie nagraadse studente wat op dié dag moes werk en wat in koshuise woon, moes dié dag self die sak vir eetgoed skud.**

**Kan die gehalte van sommige van die eetgoed wat by die stalletjies verkoop word, nie verbeter nie? Om vyftien sent vir 'n worsrolletjie met 'n rooi worsie en koue tamatiesous (uit die handige botteltjies) te betaal, is 'n skande. Moet dié goed nie juis goedkoper verkoop word nie, ons is studente en dit is nie die doel van karnaval om geld uit studente te maak nie, maar uit die publiek.**

**Volgens die karnavalvoorsitter, Johan Pretorius, is dit egter onmoontlik om stalletjies in die middedorp op te rig omdat die stadsraad dit weier. Die borge wat alleenreg op verkope het tydens karnaval sal in dié geval ook hul geldelike steun onttrek.**

## VLOTTE

**Dit is tradisie dat daar tydens 'n karnaval 'n sierwaoptog moet wees. Die Wapad glo dat sonder ons vlotoptog ons karnaval tot mislukking gedoem sal wees. Vlotte behels nie net die optog deur die strate nie — dit behels studentesamesyn tydens die bouery en hierdie samesyn en jolyt is absoluut onontbeerlik vir 'n karnaval.**

**Maar, Pukke, laat ons besin voor volgende jaar en laat ons nie twee keer dieselfde foute maak nie. Lewer ook positiewe kritiek, want niks is net af te keur nie.**

# WEEK VOL DRAMA VIR GELEERDE

## Van ons medewerker

**DIE internasionale konferensie oor „Die Persiese Golf en die Indiese Oseaan in die Wêreldpolitiek" wat ek van 25 tot 27 Maart in Teheran, hoofstad van Iran, bygewoon het, het saam met 'n week van dramatiese gebeure in die Midde-Ooste geval.**

So het prof. C. P. van der Walt, direkteur van die Sentrum vir Internasionale Politiek, in 'n eksklusiewe onderhoud aan die Wapad gesê.

Volgens prof. Van der Walt het die mislukking van Henry Kissinger, Amerikaanse minister van buitelandse sake, se vredesending, die moord op koning Feisal van Saoedi-Arabië en die besoek van mnr. Hoveyda, premier van Iran, aan sy aartsvyand, Irak, dié konferensie in die brandpunt geplaas.

### TWAALF LANDE

Die konferensie is deur die Instituut vir Internasionale Aangeleenthede van Iran aangebied. Dit is deur 50 deskundiges uit sowat twaalf lande bygewoon. Volgens prof. Van der Walt was die standaard van die referate en besprekings besonder hoog.

### SUPERMOONDHEDE

Prof. Van der Walt het aan ons medewerker gesê: „Die hooffeit wat beklemtoon is, was die toetrede van die supermoondhede (en by name Sowjet-Rusland) tot die Indiese Oseaan, met die gevolglike ontwikkeling van dié gebied tot 'n nuwe strydperk in die Oos-Wes-stryd.

Volgens prof. Van der Walt kry dié gebeurtenis verdere betekenis deurdat die olieroete vanuit die Persiese Golfgebied na die Weste sowel as die Ooste (veral Japan) deur dié oseaan loop.

### VANUIT GOLF

Prof. Van der Walt het gesê dat die konferensie die Indiese Oseaan slegs vanuit die Persiese Golf bekyk het. „En as na die landkaart gekyk word, sal opgemerk word dat die Persiese Golf (en daarmee die Indiese Oseaan) diep in die Midde-Ooste indring. Die resultaat was dat die konferensie ruim net soveel aandag aan die Midde-Oosterse situasie as aan dié in die Indiese Oseaan gewy het — iets wat my heeltemal geval het omrede van die huidige betekenis en aktualiteit van die toestand in die Midde-Ooste," het prof. Van der Walt gesê.

### KRUITVAT

Prof. Van der Walt het ook gesê dat die Midde-Ooste 'n politieke kruitvat weens die volgende redes is. Die stryd tussen die Arabiere en Israel; die betrokkenheid van die supermoondhede; die sosiaal-ekonomiese spanninge binne die verskillende samelewings hoofsaaklik as gevolg van dié teenstelling — rykdom teenoor armoede; die opstandigheid van minderheidsgroepe, soos byvoorbeeld die Koerdiese rebelle in Irak en die Dhofar-rebellie in Oman; die feit dat die Midde-Ooste die hoofoliebron van die wêreld is.

### TOEGEWINGS

**„Wat die stryd tussen Israel en die Arabiere betref, was die konsensus op die konferensie min of meer die volgende: Israel sal, onder Amerikaanse druk, toegewings met betrekking tot die besette gebied moet doen. Maar, die V.S.A. sal nie toelaat dat Israel in sy voortbestaan deur die Arabiere bedreig word nie," het prof. Van der Walt gesê.**

### IRAN — OUD EN NUUT

Teheran, met vier miljoen mense sonder 'n rioolstelsel ondergaan nou geweldige uitbreidings en boubedrywighede.

Wat prof. Van der Walt ook tydens sy besoek opgeval het, is die besondere plek en rol van die Sjah (Shahanshan).

Iran se inkomste uit olie is sowat R20 000 miljoen per jaar. Daar heers nou ekonomiese voorspoed en ontwikkeling, ook ter vervanging van die olierykdom wanneer dié bronne eendag uitgeput word.

### LEIERSROL

Volgens prof. Van der Walt tree Iran se strewe en vermoë om 'n leiersrol te speel ook nou sterk na vore. Iran se militêre uitgawes beloop twee biljoen dollar per jaar en sy ligging tussen die Midde-Ooste en Asië en tussen Rusland en die Indiese Oseaan onderstreep Iran se geografiese belangrikheid.

Onlangs het Iran ook 'n kontrak vir vyf kernkragsentrales met Frankryk onderteken en Iran het reeds 'n 25-persent-aandeel in Krupp van Wes-Duitsland.

### OLIEROETE

Prof. Van der Walt het ook gesê dat die gesindheid van Iran teenoor Suid-Afrika aan die verbeter is. Dit staan in verband met die Sjah se besorgdheid oor die olieroete na die Weste en sy ambisie om 'n rol van internasionale omvang en betekenis te speel. Dan het Suid-Afrika ook 'n diplomatieke missie onder leiding van generaal Fraser (ambassadeur) in Iran.

### WERK VOORTSIT

Volgens prof. Van der Walt kan die werk van dié konferensie voortgesit word deur 'n konferensie in Suid-Afrika om die Indiese Oseaan suid van die Persiese Golf en die Arabiese See onder die soeklig te plaas.

„Dan moet daar besondere aandag aan die Kaapse seeroete, veral in die lig van die gebeurtenisse langs die Ooskus van Afrika (vanaf Mosambiek tot by Somalië) en op die eilande soos die Malgassiese Republiek en Mauritius.


.'n Blik op die landkaart laat blyk watter groot wêrelddeel die afgelope konferensie feitlik nie aangeraak het nie, naamlik vanaf die Ooskus van Afrika oor die eilande van die Indiese Oseaan tot by Indonesië en Australië in die Ooste. Die aanvoorwerk is verlede jaar begin toe die Sentrum vir Internasionale Politiek aan die Puk 'n reeks van vier voordragte oor die Indiese Oseaan aangebied het," het prof. Van der Walt gesê.

### GESKAKEL

Die Sentrum het ook reeds met buitelandse instansies geskakel met die oog op die aanbieding van sodanige internasionale byeenkoms in Suid-Afrika.

Met betrekking tot die Sentrum vir Internasionale Politiek se werksaamhede, het prof. Van der Walt gesê: „Die tyd het aangebreek dat daar 'n begin gemaak moet word met gespesialiseerde studie van die Midde-Ooste.

★ *Vervolg op bladsy 5 kolom 4*




# *KARNAVAL '75: POST MORTUM*

**MET die uitslae van die eerste reeks toetse beskikbaar loop almal seker met gemengde gevoelens rond. Ons almal ken daardie gevoel as dit nie so goed gegaan het nie. Ander is weer bly dat hulle 'n goeie wegspring gehad het.**

As Pukmassa het ons ook die begin van Mei 'n toets gehad waaraan elkeen moes voldoen. Die uitslag is inderdaad bekend en Karnaval '75 is soos die April-toetse, iets van die verlede.

As massa het die Pukke goed weggespring en 'n geslaagde twemanrugbybyeenkoms bygewoon.

### „LIEWER NIKS"

**Hou ons egter 'n post mortum van Karnaval '75 is daar iets wat my werklikwaar dwars in die krop steek. Ek verwys in dié verband na 'n berig in die Potchefstroom Herald van 9 Mei: „Liewer niks as so 'n Karnaval".**

### BITTER PIL

Daarin vra die skrywer of dit werklik die beste is wat die Pukke kan lewer. Ek kon u die versekering gee dat dit vir my as Puk in murg en been 'n bitter pil was om te sluk.

Was dié persoon se waarneming nie dalk gegrond nie?

### BEHOEFTES

Nou vra ek myself die vraag af, wie daarvoor verantwoordelik is. Om hiervoor 'n antwoord te verstrek is nie maklik nie. Ek wil egter my kop uitsteek en die Karnavalkomitee in die oë kyk. Het u werklik in die behoeftes voorsien tydens die gesamentlike vlotbouery op die kampus?

★ **Vervolg op bl. 7.**

# LINKSES BESIG OM VELD OP WITS TE VERLOOR

**GROOT besorgdheid heers in Nusas-kringe op Wits na die verskyning van die onafhanklike studentekoerant, Campus Independant.**

Op 'n onlangse massavergadering op Wits het ondersteuners en teenstanders van diè koerant mekaar kwaai in die hare gevlieg.

**EKSTRIMISTE**

Terwyl een van die gematigde studenteraadslede van Wits, mnr. Paul Sarbutt, aan die woord was, het daar verskeie ondersteunende uitroepe gekom. Hy het ekstrimistiese elemente daarvan beskuldig dat hulle die leierskap van die studenteraadsvoorsitter, mnr. Mendelovits, in die wiele ry.

In een stadium is mnr. Sarbutt gevra of hy Campus Independant ondersteun. Mnr. Sarbutt het toe geantwoord dat Wits lankal 'n behoefte aan 'n konserwatiewe opposisie het.

**BORGE**

Linkse elemente op Wits is ook ontevrede omdat Campus Independant deur verskeie finansiële maatskappye geborg word asook deur mense wat vroeër op Wits was.

**VAN ONS MEDEWERKER**

Die retdakteur van dié koerant, mnr. Geoff Hemm, is ook op die massavergadering gevra om sy standpunt te kom stel.

**WITS STUDENT**

Mnr. Sean Moroney, redakteur van dit Wits Student, het op dié vergadering die Campus Independant van onverantwoordelikheid beskuldig. Hy het gesê dat die Campus Indenpendant nie die studente opvoed nie, maar vir hulle gee wat hulle wil hê. Hy het ook daarna gesê dat hy opposisie vir sy koerant verwelkom.

**ANTWOORD**

Volgens Heraut, studentekoerant van RAU, het mnr. Hemm hierop geantwoord: „Ek sal graag wil weet wat Moroney met opvoeding bedoel. As hy dit vertolk as die voeding van 'n ekstrimistiese linkse dieet, dan kan hy diè ‚opvoeding' liewer staak. Ons verantwoordelikheid is aan die studente, nie aan ons vriende in Moskou, Peking of Dar-es-Salaam nie".

Volgens Heraut het hierdie stelling 'n geweldige oproer veroorsaak.


'n Prominente Sosialis van Mosambiek, ene mnr. Cardosa, het mnr. Hemf se Moskou en Peking-stelling aangeval en gesè dat hulle (blykbaar die linkses op Wits) die Russiese Sosialisme maar ook die Kapitalisme verwerp.

Mnr. Cardosa, 'n Frelimo-ondersteuner, wou nie Rusland se hulp aan Frelimo en sy verwerping van die Russiese Sosialisme in verband bring nie.

● **Nog nuus van die Wits-kampus is dat twee linkse studenteraadslede, mnr. William Kentridge en mej. Elkon wat albei op die uitvoerende komitee van die Studenteraad gedien het, op 'n studenteraadsvergadering deur 'n mosie van wantroue gedwing is om uit die studenteraad te bedank.**

**Albei het na bewering gesê dat die Wits-studenteraad nie meer rede om te bestaan het nie, dat die studenteraad ontbind moet word en dat daar 'n algemene verkiesing gehou moet word.:**

(HERAUT).



**Op die Wits-kampus het daar nou 'n storm tussen die linkse elemente en die gematigdes uitgebreek. Dit het ontstaan met die koms van die gematigde onafhanklike koerant, die Campus Independant. Op die foto verskyn Geoff Hemm, redakteur van die koerant, Alan Amory en Peter Luck. (Foto: Heraut.)**

# Groot eer vir Puk: Winterskool hier

**DIE Genootskap van Universiteit Natuurwetenskapstudente van Suidelike Afrika (Gunssa), bied vanjaar 'n winterskool van 30 Junie tot 5 Julie op die Pukkampus aan. Die tema is: Die mens en die wetenskap.**

Volgens 'n woordvoerder van diè vereniging is die doel van die winterskool om kontak tussen natuurwetenskapstudente te verbeter en gedagtes te wissel. Sowat tien universiteite van Suider-Afrika is reeds lid van Gunssa. Nie-lede is egter ook welkom om die winterskool by te woon.

**VERBLYF**

Verblyf word in koshuise gereël en belangstellendes kan briewe aan die Winterskoolorganiseerder, per adres Gunssa-komitee, Studenteraadskantoor, P.U. vir C.H.O. rig of dit in Gunssa se bussie by die S.R.-kantoor plaas.

**PROGRAM**

Volgens die woordvoerder sluit die program die algemene jaarvergadering, 'n interuniversitêre vasvra, onthale en studentereferate in. 'n Uitstappie na 'n goudmyn en die Vredefortkoepel word ook gereël.

**HONNEURS**

Die woordvoerder het ook gesê dat die referate nie noodwendig deur natuurwetenskapstudente gelewer moet word nie, maar hul akademiese kwalifikasies moet nie hoër as Honneurs wees om vir die R100 prysgeld en die Gunssa-medalje in aanmerking te kom nie.

**ONDERWERP**

Die onderwerp van die referaat moet verkieslik op die tema betrekking hê. Dit is egter nie 'n vereiste nie. Die woordvoerder het gesê dat die onderwerp op oorspronklike navorsing of 'n literatuurstudie gebasseer kan wees. Die lengte van die referaat moet sowat 30 minute wees. Meer besonderhede kan by die Winterskoolorganiseerder by bogenoemde adres verkry word.

# SEËLS NIE 'N TEKORT

DIE Puk se filatelievereniging beplan groot dinge vir vanjaar en behalwe die rekordgetal lede van die vereniging, 31, word 'n op en wakker program in die vooruitsig gestel.

'n Werwingsbyeenkoms is reeds gehou en prof. Sorgdrager het ook die versamelaars onlangs toegespreek. Prof. Sorgdrager het al die grondbeginsels van seëlversameling aan die hand van praktiese voorbeelde behandel.

'n Bedrywige program lê en wag en Claude Malan, 'n bekende seëlversamelaar van Pretoria, sal die vereniging eersdaags besoek.

'n Besoek aan die Staatsdrukkery in Pretoria word ook beplan asook rolprente, besprekings en uitruilings van seëls.

Die bestuur van die filatelievereniging is as volg: Gerhard Kamffer (voorsitter), Rickus Fick (ondervoorsitter), Linette Fourie (sekretaresse), Jan Botha (penningmeester), Gert van Vuuren (addisionele lid).

# HULPPROJEK VAN KORPS NA SWAZILAND

**KORPS VERITAS VINCET het vroeër vandeesweek aangekondig dat 45 Pukke tydens die Julie-vakansie Swaziland toe gaan om vir twee weke aan 'n kerkie te begin bou. Na verwagting sal die kerkie gewelhoogte bereik.**

Die projek sal vanaf 27 Junie tot 13 Julie plaasvind.

Die projek behels die oprigting van 'n staalstruktuur wat aan die kante met bakstene toegebou sal word.


**SWEISWERK**

Volgens 'n woordvoerder van die hulpprojekkomitee, mnr. Josef Coetzee, sal die aster wat saamgaan, in die lig van die huidige emansipasie van die vrou, na verwagting ook met die sweiswerk by die mans gaan kers opsteek. Hulle het reeds hul vaardigheid met die troffel bewys.

**PROJEKTORS**

Daarbenewens sal die „projektors" ook 'n groot en mooi deel van Oos-Transvaal sien — dit alles net vir R10.

Daar is nog plek vir 'n paar mans — belangstellendes kan hul name in bussie 38 by die Studenteraadskantoor plaas.




**Peet de Jager, huiskomiteelid van Liberalia en wenner van die pannekoekresies, besig om op te warm. Agter drentel die Pukke tydens karnaval rond. (Foto: Attie Gerber.)**

# RGN HET GENOEG WERK

DIE Instituut vir Statistiese Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) bied aantreklike beroepsmoontlikhede vir gegradueerdes in Rekenaarwetenskap. Genoegsame geleenthede vir navorsing in stelselontleding en programmering word verskaf in dié Instituut se Dataverwerkingsafdeling.

Die RGN se rekenaarprogramme vir statistiese ontleding van ingesamelde data word voortdurend ge-evalueer en verbeter, of vervang deur programme wat òf in die RGN òf deur ander plaaslike organisasies òf deur oorsese instansies ontwikkel is.

Die personeel van die Dataverwerkingsafdeling bestudeer tans tegnieke om die herwinning van data uit databasisse te bespoedig asook teksmanipuleringstegnieke met behulp van vertoonskerms.

★ *Vervolg van bladsy 4*

„Dis vir my by die konferensie van Teheran beklemtoon deur prof. Nafisi van Koeweit in sy Arabiese drag toe hy opgemerk het: ‚Die westerlinge bekyk landkaarte; hulle ken nie die sielkunde en sosiologie van die mense van die Midde-Ooste nie!

‚Daarom bestaan die voorneme om ter aanvulling van die reeks lesings wat die Sentrum vanjaar oor die Midde-Ooste aanbied, 'n afdeling of navorsingseenheid vir die Midde-Ooste as anderafdeling van die Sentrum vir Internasionale Politiek in die lewe te roep, moontlik in samewerking met departemente aan die Puk soos Semitiese tale, Geskiedenis, Geografie, Ekonomie, Volkekunde ens.," het prof. Van der Walt gesê.


**Interad**

(edms.) bpk. uitgewers en skakelkonsultante

Benodig die dienste van:

★ **JOERNALIS**

vir weeklikse koerant in Oos-Vrystaat.

★ **SKAKELPERSOON**

om advertensies te behartig (Wes-Transvaal).

★ **JOERNALIS**

vir landboutydskrifte (Wes-Transvaal).

Gulde geleentheid vir jong manne om die volle spektrum van die uitgewersbedryf te leer beheers. Ruim salaris, maatskappymotor (ook vir privaat gebruik) en toekomsmoontlikhede vir die regte man.

Doen aansoek by:

**INTERAD (EDMS.) B[illegible]**

C.N.A.-gebou,
Kerkstraat 139,
Tel. 6109/6350,
POTCHEFSTROOM (2520). —P.



Anneline Oosthuizen saam met prof. G. M. Ballot, hoof van die departement Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste. Anneline is 'n student in Beeldhou en sy het die Disa-beurs ontvang vir die kunsstudent wat die beste vordering getoon het. Dit is die tweede agtereenvolgende jaar dat die Disa-beurs aan 'n Beeldhou-student toegeken is.

(Foto: Fotografiese Vereniging.)

# *Mens – Skrywerskring*

*MENS*

*The world is but a stage*
*— toe gooi ek my masker weg.*

*Ek wou oopmaak en sê*
*dít is ek!*
*ek wou dat hulle mý aanvaar,*
*nie die rol wat ek vertolk nie.*

*Maar nou speel ek weer toneel.*
*Ek dra my masker uit vrees*
*dat as ek ék is,**
*jul sal sê dat ek*
*gek is.*

*— Skrywerskring.*

# CABARET

„WILLKOMMEN" sê die seremoniemeester met sy wit grimering, rooi lippe en platgestrykte hare. „Los julle probleme buite en geniet die Kit Kat Klub."

'n Britse taalstudent, Brian Roberts (Micheal York) huur 'n kamer in Berlyn. Dis die dertigs en sy buurvrou is die ster van die Kit Kat. Brian gaan kyk gereeld hoe sy optree en beland in die wonderlike lewe van Cabaret, terwyl die Nazi-veldtog buite voortgaan. En binne klink die filosofie van daardie tyd: „Life is a Cabaret, old chum, Come to the Cabaret..."

Hierdie pragtige rolprent (wenner van agt Oscar toekennings) met Liza Minnelli in die hoofrol, is gebaseer op die verhoogstuk deur John van Druten, I am a Camera, en is ook al deur die P.U. departement Spraakleer en Drama op die planke gebring. Dit word Vrydag en Saterdagaand deur Cinepuk in die Totiussaal vertoon.



# *MIMI BESOEK DIE PUK*

**DIT is gepas dat die hoogtepunt van die P.U. se kulturele bedrywighede gedurende 1975, die internasionale jaar van die vrou, 'n konsert deur Mimi Coertze, een van Suid-Afrika se grootste vroueesterre sal wees.**

Mimi het ingestem om 'n konsert spesiaal vir die musiekliefhebbers van Wes-Transvaal aan te bied op Donderdagaand 22 Mei. Die opbrengs skenk sy aan 'n beursfonds vir musiekstudente aan die P.U.

PROF. DE VILLIERS

Die program sal bestaan uit die kunstenares se eie keuse van liedere en opera-arias, begelei op die klavier deur prof. Pieter de Villiers, terwyl sy ook 'n aantal items saam met die Collegium Musicum-orkes en koor sal aanbied.

Mimi Coertze wat nou Lucia sing in die Nico Malan-teater is ses jaar laas in Potchefstroom gehoor toe sy tydens die P.U. se eeufees opgetree het.

STUDENTE

Belangstellendes wat kaartjies vir hierdie prestige konsert wil bekom, moet vroegtydig met die departement Ontwikkeling aan die P.U. skakel, aangesien daar 'n beperkte aantal sitplekke in die Konserwatoriumsaal is. Kaartjies kos R10 elk, en dit sluit 'n sjampanje-onthaal in. Daar is enkele kaartjies vir studente teen R5 elk beskikbaar.

# BEQUEST

OP 19 Augustus 1805 vaar Lord Nelson se vlagskip HMS Victory die hawe binne. Hy vra 'n paar maande rus „wat ek 'n sekere dame belowe het" en dit is beslis nie Lady Nelson van wie hy reeds vier maande vervreemd is nie.

So begin die liefdesdrama tussen een van die grootste figure in die Engelse geskiedenis en Lady Emma Hamilton.

Nelson word deur kaptein Hardy besoek aan huis van Lady Hamilton en is verwonder dat Nelson nie die Franse by Cadiz aangepak het nie. In die openbaar word Nelson deur die mense uitgejou oor sy afhanklikheid van sy minnares.

Een aand by ete drink Emma weer soos gewoonlik te veel sjampanje en brandewyn en beledig die Britse koningshuis asook kaptein Hardy en Nelson se vrou. Boonop jaag sy die Lord se nefie uit die huis.

Nelson bieg by Minto, sy ou vriend dat hy bang is die wêreld verdraai die verhouding tussen sy vrou en Emma.

VERLAAT

Lady Hamilton besluit om Nelson te laat gaan, want hy is 'n halwe man wat met die helfte van sy wese na die see verlang. Hy verlaat haar huis vir die laaste keer op Vrydag, 13 September.

Nelson vaar met HMS Victory uit om die Franse aan te val. Hy laat 'n dokument teken dat sy geliefde Emma goed nagelaat en versorg sal word deur die koning. Dan in sy oomblik van oorwinning met die Franse vlagskip van admiraal Villeneuve in stukke en die admiraal self gewond, word Nelson deur 'n koeël noodlottig gewond.

SKULD

In Engeland moet Lady Hamilton haar huis verkoop, en beland twee maal in die tronk oor skuld voor sy Engeland verlaat om in armoede in Frankryk te sterf.

In Bequest to the Nation speel Glenda Jackson die rol van Lady Emma Hamilton en Peter Finch is Lord Nelson.




# *Fliekprogram*

16 Mei 7.00 nm. Bequest to the Nation.
9.30 nm. Cabaret.
17 Mei 7.00 nm. Cabaret.
9.30 nm. Bequest to the Nation.
23 Mei 7.30 nm. England made me.
30 Mei 7.30 nm. Beautiful People.
6 Junie 7.30 nm. The way we were.
13 Junie 7.30 nm. Magnum Force.
20 Junie 7.30 nm. The Victors.

Enige veranderings wat in die program mag voorkom sal, indien moontlik, betyds op hierdie blad bekend gemaak word. Cinepuk vertoon op 20 Mei om 6.30 nm. in die Totiussaal 'n kort dokumentêre film oor die perswese in die buiteland. Toegang is gratis, en dames mag uitteken vir 'n Pukaksie.

**Ons man op die kampus het 'n spesiale aanbod vir jou.**

„Ek nooi u uit om in verband met die Studieleningsplan met my te kom gesels".
ANDRÉ JOUBERT



**Barclays Nasionaal se spesiale studie-leningplan vir studente en gegradueerdes.**

1. **Studielenings:** Tot R3 000: om jou te help om jou studies te voltooi.
2. **MBA-studielenings:** Tot R3 000: vir enige student wat vir 'n MBA-kursus aanvaar is.
3. **Studente:** Tot R300: tydelike finansiering vir onverwagte uitgawe.
4. **Gegradueerdes** R1 000: bystand aan gegradueerdes totdat hulle diens kan aanvaar.
5. **Persoonlike Lenings (Studente):** Tot R3 000: vir studente vir tandheelkunde en ander professionele beroepe om toerusting te kan finansier.
6. **Persoonlike Lenings (Gegradueerdes):** Tot R6 000: om pasgekwalifiseerde prokureurs, advokate ens. met 'n eie praktyk te help.
7. **Spaar- en lopende rekeninge.**

DIE BULT TELEFOON 4241
—WP.

# WATERGATE: 'N NAAM WAT BY TRICKY DICKY VIR EWIG SAL SPOOK

Deur Attie Gerber

**OP 17 Junie 1972 het vyf mans in die Watergate Hotel, hoofkwartier van die Demokratiese Party in Washington, ingebreek. Dié vyf, by name Bernard Barker, Virgillio Conzalez, Eugenio Martinez, Frank Sturgis en James McCord, was met kameras en elektriese meeluisteringapparaat op heterdaad betrap.**

Op 17 Junie het die wiele begin spoed kry wat tot Richard Nixon, gewese president van Amerika, se bedanking op 9 Augustus 1974 gelei het.

### OOPGEVLEK

Die wiele was al aan die rol voor 17 Junie. Die inbraak op dié dag het slegs die vuil lappe van die Amerikaanse partypolitiek op die strate gegooi. Die Amerikaanse partypolitiek het al erger dinge voor 17 Junie beleef. 'n Paar voorbeelde:

Op 13 Junie 1971 het die



... Dean ... „Nixon, jy lieg".

New York Times, een van Amerika se invloedrykste koerante, die Pentagon Dokumente gepubliseer. 'n Amptenaar van die Pentagon (Amerikaanse Verdedigingshoofkwartier), dr. Daniel Ellsberg, het die dokumente aan die New York Times gegee. Na die bohaai wat opgeskop is, moes dr. Ellsberg psigiatriese behandeling ontvang.

### INBRAAK

Onmiddellik het die Republikeinse Party, waarvan Nixon die leier was, 'n spesiale veiligheidseenheid gestig om sulke lekkasies te voorkom — die



... Haldeman, het die Wit Huis se personeel betrek.

sogenaamde „loodgieterseenheid". Van die president se naaste vertrouelinge soos Ehrlichman, Krogh, Liddy en Hunt was lede van dié eenheid.

Hunt en Liddy het toe later in dr. Ellsberg se psigiater se kantore ingebreek om inligting oor dr. Ellsberg te kry.

Voor die Amerikaanse algemene verkiesing in 1972 het die Republikeinse Party 'n Komitee vir die Herverkiesing van die President (KHP) gestig om die verkiesingsveldtog vir pres. Nixon te behartig. Hierdie komitee het oor aansienlike fondse beskik en dit het later geblyk dat die inbrekers met hierdie geld vergoed is en hulle regsonkoste, nadat hulle gevang is, ook met hierdie geld betaal is.

Hierdie KHP het ook voltyds gewerk om die verkiesingsveldtog van senator George McGovern, die Demokratiese Party se kandidaat vir die presidentskap, in die wiele te ry. Slinkse metodes is gebruik.

### VERGADERING

Dit het baie gebeur dat die Demokratiese Party 'n politieke vergadering in 'n openbare saal sou hou. Die saal is dan vir 'n spesifieke tyd (bv. 8 nm.) bespreek.

Lede van die KHP het hulle dan as Demokrate voorgedoen en die vergadering vir twee uur uitgestel omdat Republikeinse betogers kwansuis sou probeer om die vergadering te verongeluk. Die opsigter moes dan niemand in die saal toelaat voor 10 nm. nie.

Telkemale het dit dan gebeur dat duisende ongeduldige Demokrate vir twee of drie uur voor toe deure moes wag.

### ONTHALE

Dieselfde het met pers- en party-onthale gebeur. Weer eens het die KHP 'n wavrag vol drank en eetgoed namens die Demokrate vir die onthaal bestel. As die onthaal dan net mooi aan die gang is, daag die drank en eetgoed op en breek 'n herrie los as die Demokrate nie vir die goed, wat hulle nooit bestel het nie, wil betaal nie.

Hierdie is maar net enkele van die vele voorbeelde wat in die Amerikaanse partypolitiek afgespeel het. Dit is heeltemal normaal in hul partypolitiek — die Demokrate doen dit ook aan die Republikeine.

### WATERGATE

Hoekom het die Watergate meeluisteringskandaal dan tot die bedanking van Nixon gelei?

Nixon het aanvanklik hoog en laag ontken dat hy enigiets van die Watergate-skandaal voor 21 Maart 1973 geweet het. In Augustus 1974 het hy egter erken dat hy slegs ses dae na die inbraak op 17 Junie 1972, die aangeleentheid met die personeelhoof van die Wit Huis, mnr. H. R. (Rob) Haldeman, bespreek het.

Soos dit later geblyk het, het dié leuen die geloofwaardigheid van die Amerikaanse presidentskap 'n nekslag toegedien.


### BANDOPNAMES

Waaroor Watergate eintlik wêreldwyd bekend geraak het, was die beroemde bandopnames wat Nixon van sy persoonlike en vertroulike gesprekke met sy raadgewers gemaak het. In sy kantoor was 'n toestel wat outomaties aangeskakel het as die president met iemand gesels het.

Nixon het eers volstrek geweier om die bande wat gesprekke oor die meeluisteringskandaal bevat aan die Senaat se ondersoekkomitee of die Huis van Verteenwoordigers se geregtelike kommissie te gee. Volgens Nixon sou hoogs geheime inligting dan openbaar gemaak word.

### AFSKRIFTE

Op 30 April het Nixon toegelaat dat 42 afskrifte van bandopnames aan die geregte-



... regter Sirica, die tydskrif Time se Man van die Jaar.

like kommissie gegee word. Later het dit aan die lig gekom dat belangrike inligting uitgelaat is. Sommige bandopnames het ook spoorloos verdwyn. Die afskrifte was ook deurspek met vloekwoorde van die president. Dit het Nixon as persoon 'n ontsaglike knou toegedien.

### BOEMERANG

Nixon se leuens het egter vroeg teen hom begin boemerang. Eers het John Dean, sy regsverteenwoordiger, in die distrikshof van Columbia voor regter John Sirica getuig dat hy pres. Nixon reeds in September 1972 gewaarsku het dat van die president se naaste vertrouelinge by die meeluisterskandaal betrokke is. Volgens Dean het Nixon hom toe al geluk gewens met die sukses wat hy behaal het om die hele skandaal soverre dit die amptenare van die Wit Huis betref, dig te hou.

### AMPTENARE

En dit was juis dié amptenare se betrokkenheid by die skandaal wat Nixon se presidentskap heeltemal afgetakel het.

Eers het John Mitchell, gewese prokureur-generaal, as Nixon se hoofverkiesingsagent bedank nadat uitgevind is dat hy die groen lig vir die meeluistering gegee het en dat hy een van die hoofsamesweerders was om die hele skandaal toe te smeer.

Toe volg die bedanking van John Ehrlichman (49), presidensiële raadgewer oor binnelandse sake. Die bandopnames het bewys dat hy en Bob Haldeman (48), personeelhoof van die Wit Huis, saamgesweer het om die skandaal toe te smeer.



... Ehrlichman, vertrouensman van Nixon.

### AFGEDANK

Wat die Amerikaanse volk nog 'n groter misnoeë in hul president gegee het, was die afdanking van die spesiale Watergate-aanklaer, mnr. Archibald Cox. Mnr. Leon Jaworski, mnr. Cox se opvolger, het later 'n dagvaarding teen die Wit Huis uitgereik om al die Watergate-bandopnames aan die federale hof te oorhandig.

### KONGRESLEDE

Later het die president se eie Kongreslede teen hom begin draai en daar is in die Kongres se geregtelike kommissie oorweldigend besluit om hom op drie aanklagte aan te kla.

Die drie aanklagte met die stemme was:

- Die gereg gedwarsboom het deur die Watergate-inbraak dig te hou (27-11).
- Sy presidensiële magte misbruik het (28-10).
- Omdat hy die Kongres se daagvaardinge om die Watergate-bande te oorhandig, verwerp het (21-17).



... Hunt, professionele boef van die Wit Huis.

### SENAAT

Die strop het dus al hoe nouer om Nixon se nek begin wurg. Die federale hof met regter Sirica en die geregtelike kommissie van die Huis van Verteenwoordigers het Nixon reeds in die duisternis gewerp.



... Mitchell, gewese Amerikaanse minister van Justisie, die herverkiesing van Nixon het alle middele geheilig.

Die laaste strooihalmpie waaraan hy vir sy presidentskap kon klou, was die Senaat.

Die Amerikaanse grondwet bepaal dat die president slegs met 'n twee-derde meerderheid afgedank kan word.

In die Senaat het die Demokrate ook die oorhand gehad, maar dié oorhand was nie die benodigde meerderheid om Nixon af te sit nie. Met die verloop van die skandaal en namate die vuil lappe begin ophoop het, het die Senaat in die rigting van 'n twee-derde meerderheid begin beweeg. Nixon se eie senatore het teen hom begin draai.

### BEDANK

Die enigste uitweg om nie as 'n heeltemal vernederde man uit die politiek te tree nie, was om te bedank. Dit het hy net betyds op 9 Augustus 1974 gedoen.

Nixon was 'n gebroke man. In 1962 se algemene verkiesing het John F. Kennedy 'n plakkaat laat maak met Nixon se gesig daarop. Die onderskrif — „sal u 'n tweedehandse motor by die man koop?" Na dese sal die meeste Amerikaners liefs niks by Nixon koop nie.

### MAFIA

En tog was die Watergate-meeluisteringskandaal deel van die Amerikaanse partypolitiek — deel van die geknoeiery, skelmstreke en boewery wat gewoonlik die brood en botter van die Mafia is. Maar, hierdie politieke boewery het in die verlede nooit die Amerikaanse presidentskap aangetas nie.

Dit was Nixon se grootste flater — hy moes nooit die presidentskap aan die politieke boewery gekoppel het nie. Hy het die leierskap van die magtigste staat in die Weste tot 'n ongekende laagte laat daal.

Sy skeldnaam, „Tricky Dick", sal hy tot in lengtes van dae moet verduur.

Nou is die vraag: Wat van die Suid-Afrikaanse partypolitiek? Het ons nie ons ou eie „Watergate"-tjies nie?

# LIBERALIA SE KENNIS IN DIE ALGEMEEN WEER BESTE OP PUK

**TYDENS die onlangse vasvrakompetisie vir koshuise wat deur A.B.K.K. gereël is, het Liberalia weer eens getoon dat sy algemene kennis die beste op die Puk is.**

Liberalia het ook verlede jaar dié kompetisie ingepalm.

Die span, bestaande uit Marius Potgieter, Giep van den Bergh en Jurjen Suurd, het net-net daarin geslaag om Over-de-Voor te klop.

### ONENIGHEID

Oor die laaste onderwerp waaroor vrae gevra is, naamlik kampus-oplettendheid, sal daar nog lank gepraat word. Hier het amper onenigheid uitgebreek toe Over-de-Voor se vraag nie oor kampus-oplettendheid gegaan het nie.

Die manne van die Voor het egter gewaag om die vraag te antwoord en verkeerd geantwoord. Hierna het hulle appèl aangeteken omdat hulle nie 'n vraag oor kampus-oplettendheid gevra is nie.

Hulle is egter daarop gewys dat hulle appèl moes aanteken voordat hulle die vraag beantwoord het. Over-de-Voor het hiermee genoeë geneem.

## IN U LIG

*„As die Here wil en ons leve ..."*

*Hoeveel van ons gebruik nog die woorde in ons vooruitbeplanning, in ons jaarbeplanning?*

*Dit is die taal van die geloof waaruit die afhanklikheidsgevoel van God en aanhanklikheidsgevoel vir God spreek; dit is die taal van vaste vertroue en kinderlike geloof in God as Skepper en as Vader in Jesus Christus onse Here!*

## Karnaval '75

★ Vervolg van bl. 4.

**LIG**

**Sover my kennis strek, is daar geen voorsiening gemaak vir addisionele beligting, behalwe die bestaande straatlampe nie. En die massavleisbraai — is dit eerlikwaar die beste wat aan ons gebied kon word?**

**KOSHUISE**

Aangesien ons so 'n beperkte tydjie gehad het wat ons aan vlotbou kon spandeer, wil ek vra of dit nie moontlik is dat ons weer soos in die verlede elkeen by sy eie koshuis aan die vlotte kan werk nie.

Kom Pukke, laat ons ons foute regmaak waar ons verbrou het. Dit kan alleen tot ons voordeel strek as ons aksies van hoogstaande gehalte wil aanbied. Een ding moet ons nooit uit die oog verloor nie, en hiermee sluit ek af: Onthou die buitewêreld hou ons met 'n kritiese oog dop!

(REFLEKTO).

# SPORT

# Puk se .angafstandat.ete leef swaar

Deur Pypies Laubscher

**SKRAAP al u konsentrasie bymekaar en lees die artikel stadig en noukeurig deur en besluit dan, sonder 'n jurie, wat jou uitspraak sal wees.**

Veronderstel jy is 'n langafstandatleet van die P.U. vir C.H.O., gegiet in sagte helderkleurige hardloopskoene, 'n lieflike ougoud en rooi uniform en 'n baie praktiese en warm sweetpak wat jou alles 'n fortuin gekos het aan hardverdiende vakansiegeld.

Omdat jy 'n gedetermineerde en selfgedissiplineerde persoon is, volg jy jou oefenprogram getrou sewe dae per week. Vir vyf dae van die week draf jy gereeld twee maal per dag, sewe kilometer elke oggend en sestien kilometer of 'n ekwivalent daarvan elke middag. Saterdae hou jy die Puk se naam hoog totdat die sterretjies in jou oë bars waarvan jy die stukkies die aand nog in jou brein kan voel. As Sondag aanbreek voel jy verlig en rus jy uit met 'n lekker stadige vyf-en-twintig kilometer deur die veld terwyl jy dagsê aan die veldblommetjies met die blink doudruppels daarop.

In die proses van fiks word vir die SAU-kompetisie of die daaropvolgende Dalrymple, spandeer jy elke dag sowat 4 500 kalorieë. As jy meer as jou porsie eet, haal jy dalk 3 500 kalorieë. Die ander duisend kalorieë haal jy uit jou sakgeld uit. Dit is so goed of die Dalrymple-beker staan weer hier by ons Alma Mater. Maar helaas, as jy moeg by die koshuis instrompel kom na jou middag se oefening is dit te laat om te gaan eet. 'n Kalorieë skuld akkumuleer en manifesteer uiteindelik as griep, bloedarmoede, . swak prestasies, slegte toetspunte en frustrasie. En die toekoms wys op geen moontlike verbetering nie.

MOEITE WERD?

Nou, leser, moet jy jou uitspraak gee. Is dit die moeite werd om 'n langafstandatleet aan die P.U. vir C.H.O. te wees?

Geagte dames en here, enige van u wat iets kan doen aan die huidige stand van sake: Sit 'n bietjie terug en ontleed die situasie en u sal sien dat dié sport op die P.U. vir C.H.O. na 'n baie swak fondament verplaas is. Ek sê verplaas omdat in 1969 en 1970 die era van Bea Marais, Fanie van Zijl, George Muldner en Pypies Laubscher daar wel laat etes verskaf is.

Miskien sal u my wil konfronteer met ander name en oor die name wat ek genoem het. Maar wanneer laas het dit gebeur dat die Puk twee S.A. middelafstandrekordhouers en drie mansatlete onder die ses bestes in die 1 500 in die land vir 'n seisoen gehad het of sewe atlete onder die eerste nege in 'n SAU-landloopkompetisie.

Asseblief, meneer die leiselhouer, maak tog weer 'n verskuiwing na stewiger grond. Soos byvoorbeeld aandetes volgens kafeteriastelsel wat alle studente in staat sal stel om hulle beste te lewer.

# SPORTGIDS

**RUGBY 17 MEI**

PU 1B vs. Blyvoor 1, President 1, Blyvoor A, 4.00 nm.
PU 2 vs. Blyvoor 2, President 2, Blyvoor A, 2.55 nm.
PU 3 vs. Blyvoor 3, President 2, Blyvoor A, 1.50 nm.
PU 1 vs R.P.M. 1, President 1, Olënpark, 4.00 nm.
PU 2 vs. R.P.M. 2, President 2, Olënpark, 2.55 nm.
PU 3 vs. R.P.M. 3, President 3, PU A, 2.55 nm.
Jongspan vs. Weermag o.20 A Barnardbeker, Olënpark, 1.50 nm.
PU o.20 vs. Goldfields o.20, Barnardbeker, Goldfields A, 1.50 nm.
PU o.19 vs. Strathvaal o.20 B, Barnardbeker, Strathvaal A, 1.50 nm.

**21 MEI**

PU 1 vs. PU 1B, Neser A, Olënpark, 8.00 nm.
PU 2 vs. PU 2, T. Suttie, Olënpark, 7.00 nm.
PU 3 vs. PU 3, Olënbeker, Olënpark, 6.00 nm.
PU 4 vs. PU 4, Strathvaalbeker, Bosmanpark, 6.00 nm.

**24 MEI**

Wes-Tvl. vs. OVS, Olënpark, Curriebeker.
PU 1 vs. Western Reefs 1, President 1, Western Reefs A, 4.00 nm.
PU 2 vs. Western Reefs 2, President 2, Western Reefs A, 2,55 nm.
PU 3 vs. Western Reefs 3, President 3, Western Reefs A, 1.50 nm.
Jongspan vs. Weermag o.20 C, Barnard, PU A, 2.55 nm.
PU o.20 vs. Weermag o.20 B, Barnard, PU A, 4.00 nm.
PU o.19 vs. Weermag o.20 A, Barnard, PU A, 1.50 nm.

**28 MEI**

PU 1B vs. Strathvaal 1, Neser A, S'Vaal A, 8.30 nm.
PU 2 vs. Strathvaal 2, T. Suttie, S'Vaal A, 7.30 nm.
PU 3 vs. Strathvaal 3, Olënbeker, S'Vaal A, 6.30 nm.
PU 4 vs. Strathvaal, Strathvaalbeker, S'Val A, 5.30 nm.
PU 1 vs. Goldfields 1, Neser A, Olënpark, 8.00 nm.
PU 2 vs. Goldfields 2, T. Suttie, Olënpark, 7.00 nm.
PU 3 vs. Goldfields 3, Olënbeker, Olënpark, 6.00 nm.
PU 4 vs. Goldfields 4, Strathvaalbeker, Bosmanpark A, 6.30 nm.
Jongspan vs. PU o.20, Barnard, PU A, 4.30 nm.

**KOSHUISRUGBY**

**21 Mei A-afdeling:**

Klooster vs. Dorp, Olënpark, 7.00 nm.
Drakenstein vs. Caput, Olënpark, 6.00 nm.
Hombre vs. Dawie Dup, Bosmanpark, 6.00 nm.

**24 Mei B-afdeling:**

Drakenstein vs. Dawie Dup, Fanie du Toit A, 10.00 vm.
Hombre vs. Dorp, Fanie du Toit B, 10.00 vm.
Caput vs. Over de Voor, Fanie du Toit C, 10.00 vm.

**24 Mei C-afdeling:**

Drakenstein vs. Dawie Dup, Fanie du Toit A, 9.00 vm.
Hombre vs. Dorp, Fanie du Toit B, 9.00 vm.
Caput vs. Over de Voor C, 9.00 vm.

# PIET SKITTER OORSEE

**PIET MEYER, die jong stapper van die Puk is besig om vir homself 'n groot naam te maak. Hy het verlede naweek na Brittanje vertrek waar hy aan verskeie byeenkomste sal deelneem.**

In Coventry het Piet aan die 20 km stap deelgeneem. Die feit dat hy 'n paar dae voor die wedloop eers in Brittanje aangekom en tesame met die lae temperatuur wat daar is het sy senuwees hom ook nog gepla. Dit gevolg was dat hy as gevolg van maagkrampe nie die wedloop kon voltooi nie.

EASTBOURNE

So 'n terugslag is egter te gering om die moedige Piet Meyer onder te kry. Hy het vergoed vir die teleurstelling deur die 3 000 m stap te wen op 'n byeenkoms in Eastbourne. In die proses het hy afgereken met die Britse kampioen oor die afstand, Roger Mills. Piet se tyd van 12:36 was net agt sekondes stadiger as sy beste tyd in die nommer. As in ag geneem word dat Piet nou eers 'n paar dae in Brittanje is kan daar nog vuurwerke van hom verwag word.



Piet Meyer, op pad na nog een van sy vele oorwinnings op die atletiekbaan. Sedert hy vyf jaar gelede begin stap het is die witkop besig om 'n sensasie te word.

# *AANDAG*

**DIE WAPAD wil graag vanjaar volledige beriggewing doen oor al die sportsoorte op die Puk — veral oor die minder bekende sportsoorte.**

**Hiervoor het ons u samewerking nodig, want ons kan dit nie alleen behartig nie. Ons sal dit baie waardeer indien u u volle samewerking in die verband kan gee.**

**Indien ons elke Maandagmiddag — nie later as vyfuur nie — u klub se program van die komende week kan kry, sal die saak halfpad gewonne wees.**

**U kan alle inligting by bussie 15 die die S.R.-kantoor pos.**

**Baie dankie,**
**Jan van Vuuren, Sportredakteur.**

# *OVERS BEGIN VINNIG*

**DIE koshuisrugbyliga is weer in volle gang. Die manne speel hierdie jaar op 'n ander basis as wat die liga altyd in die verlede plaasgevind het. Die eerste spanne van die koshuise speel nog in 'n onderlinge liga teen mekaar maar op Saterdae is hul in die verskeie Wes-Transvaalse ligas ook betrokke.**

Die gevolg is dat die eerste spanne gewoonlik op Maandae of Woensdae op die Fanie du Toit-sportterrein sake uitspook. Maak 'n plan en kom kyk hoe besleg die manne die sakie.

Wat die stand van spanne betref lyk dit asof dit hierdie jaar weer 'n spannende jaar op die koshuisligafront kan wees. Over de Voor, Caput en Hombre kan met die beker wegstap aan die einde van die jaar. Die span van Over de Voor lyk in hierdie vroeë stadium na die kampioene, want die manne van die Voor speel uiters doeltreffende rugby. Hiervoor moet hulle baie dankie sê aan hul skrumskakel, Osie van Niekerk. Hy is die planmaker in die Blouspan en was direk daarvoor verantwoordelik dat Hombre met 15—3 getroef is. Die jongste puntestand is:

| Koshuis | S | W | V | G | Vir | Teen | Punte |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Over de Voor | 3 | 3 | — | — | 41 | 12 | 6 |
| Caput | 3 | 2 | — | 1 | 30 | 14 | 5 |
| Hombre | 2 | 1 | 1 | — | 15 | 19 | 2 |
| Dorp | 3 | — | 1 | 2 | 16 | 29 | 2 |
| Drakenstein | 2 | 1 | 1 | — | 16 | 15 | 2 |
| Dawie Dup | 2 | — | 1 | 1 | 10 | 18 | 1 |
| Klooster | 3 | — | 3 | — | 12 | 28 | 0 |
| B-liga | | | | | | | |
| Dorp | 3 | 3 | — | — | 58 | 26 | 6 |
| Caput | 4 | 2 | 2 | — | 34 | 47 | 4 |
| Hombre | 3 | 2 | 1 | — | 20 | 21 | 4 |
| Drakenstein | 3 | 2 | 1 | — | 50 | 22 | 4 |
| Over de Voor | 4 | 1 | 3 | — | 47 | 42 | 2 |
| Klooster | 4 | 1 | 3 | — | 39 | 96 | 2 |
| Dawie Dup | 3 | 1 | 2 | — | 48 | 47 | 2 |

**Platsaktoer na Europa**

Kontak prof. G. N. van den Bergh.

Geskiedenisdepartement

Frans du Toit

—WP

**Arrie Lubbe**

vir

RADIO'S

BANDOPNEMERS ENS.

Liberalia.

—WP

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die Potchefstroomse boekhandel"*

**Tomstraat 86 — Tel. 5236 — Potchefstroom**

—WP



**INSLEEP Restaurant**

GEKOOKTE MAALTYE AAN STUDENTE

TOMSTRAAT 100
TELEFOON 6039

—WP